

5 Mei

Skrifgedeelte: Handeling 8:26-40
Fokusgedeelte: Handeling 8:30,31

Van ver word hy nader gebring

Hierdie Ethiopiër was vir alle menslike en praktiese redes baie ver van God en sy diens verwyderd. Hy woon in 'n ver land met vreemde godsdienste. Hy was 'n ontmande wat volgens Ou-Testamentiese wetgewing nie naby die tempel kon kom nie. Hy was wel in Jerusalem om te aanbid, maar keer skynbaar onverrigter sake terug na sy land. Hy reis op 'n verlate en eensame woestynpad. Só ver, en tog deur God se genade is hy só naby. God se Gees het 'n onuitblusbare drang in sy hart en 'n bekwame leermeester op sy pad geplaas. Uit die boekrol wat hy aangeskaf het, het Filippus vir hom die verlossing in Jesus Christus verkondig en kon hy langs die pad gedoop word as teken van die kosbare verlossing wat hy ontvang het.

In die uitbreiding van God se koninkryk moet ons hierdie waarheid verstaan. God is in staat om die buitengewone binne die gewone gang van sake te beskik. Niemand is te ver vir die kragtige werking van God se Gees nie. God trek diegene wat ver is, nader. Hy reël selfs afsprake langs afgeleë paaie, sodat diegene wat van God weet, vir hulle wat hunker om te weet kan weet.

Is ons sensitief genoeg vir die feit dat God elkeen van ons wat weet wil gebruik en dat Hy die buitengewone deel kan maak van my gewone daaglikse lewe. 'n "Toevallige" gesprek of 'n onverwagse ontmoeting kan in die uitbreiding van sy koninkryk, 'n Goddelike afspraak wees.

Sing: Psalm 105:1,2

Ds IW Ferreira (Magol)